# RUILWAARDE.

**RUILNOMMERS:** „A Survey of Race Relations, 1949-1950," 'n uitgawe van die „South African Institute of Race Relations," gee 'n oorsig van die werksaamhede van hierdie organisasie. Dit bevat verder 'n lesenswaardige openingsrede van die presidente, Dr. A. W. Hoernlé. Die rigting van die instituut is deur-een-deur liberalisties, maar aan die erns van die mense val nie te twyfel nie. Ons moet van hul denke en doen ten volle kennis neem. „Standpunte," 'n onafhanklike kwartaalblad vir literatuur en kuns onder redaksie van N. P. van W. Louw en andere, is nou reeds in sy vyfde jaargang. Daar is min tydskrifte in ons land wat beter geredigeer en beter afgewerk is. Dit het wat sy inhoud betref, geen eie rigting nie. Die enigste kriterium is suiwer literêr: artikels in Afrikaans, Engels en Nederlands, artikels van liberaliste en ortodoks-denkende mense pryk langs mekaar. Die uitgawe van Maart 1951 is besonder interessant. Daar is 'n uitstekende studie oor rasseprobleme deur A. Delius getitel „Study in Black and White," 'n fyn artikel deur W. A. P. Smit oor A. P. Grové se „duister digter", 'n mooi kritiek op die proefskrif van die jongere Van der Merwe Scholtz deur G. Dekker ('n stilistiese ondersoek), 'n indringende bydrae deur P. du P. Grobler oor die verstegniek van Elizabeth Eybers, 'n grondige oorsig deur Kurt Löhnig oor die jongste Duitse letterkunde, en so meer. 'n Uitstekende tydskrif! Na die besoek van prof. dr. H. Dooyeweerd aan ons land, en veral aan ons inrigting, maak sy orgaan „Philosophia Reformata" 'n meer menslike indruk. Die inhoud van die blad is altyd moeilik om te verstaan, maar grondige studie van die artikels loon die inspanning dubbeld. Die aangename wens Dooyeweerd spreek nou ook wel tot ons selfs uit die moeilikste artikels. In die eerste uitgawe van 1951 sit J. M. Spier sy ondersoek na die veld van ondersoek in die teologie voort, bring D. H. Th. Vollenhoven 'n breed-opgesette studie oor die ontwikkelingsgang van Aristoteles en skryf die bekende geneesheer G. K. Schoep oor Jesus Christus en die geneeskunde. Vir mense wat in die Calvinistiese wysbegeerte geïnteresseerd is, is „Philosophia Reformata" onmisbaar, ook omdat ons Stoker op die redaksie daarvan sit!

* * *

**GODSDIENS EN KERK.** Onder die bydraes op die terrein is m.i. seker die belangrikste die Paulus-herdenking in die spesiale nommer van „Horizon" (April). Besonder waardevol is die studies van S. du Toit oor die uitbou van ons belydenis in „Die Kerkblad" (20 April) en oor die kerk van Jan van Riebeeck (4 en 18 Mei). J. V. Coetzee het 'n pertinente woord in „Die Kerkblad" (18 Mei) oor eiewillige godsdiens en H. J. Reyneke in „Die Kerkbode" (9 Mei) oor kerklike erediens. Besonder mooi is verder in „Die Kerkbode" J. J. Louw se „Katkisasie" (11 April) en P. L. Rossouw se leer van die uitverkiesing (16 Mei). H. J. Spier behandel in „Bezinning" (April) die probleem van sabbat en Sondag en J. P. Jacobs in „Op die Horison" (Maart) die ontwikkeling van onafhanklike inheemse kerke (sendingskerke).

* * *

**OPVOEDING EN SKOOL:** Verdere verwysings na die selfstandigwording van die P.U.K. vind ons in „Die Hervormer" (Mei) en in „Die Geref. Vroueblad" (Mei). Die universiteits-

vraagstuk geniet ook die aandag in „Die Kerkbode" (red. 11 April) en in „Die Unie" (red. April). Die tekort aan onderwyspersoneel is akuut. Daarop wys skrywers in „Onderwysblad" (Mei, veral G. J. Potgieter), in „Die Unie" (April) en in „Die Skoolblad" (April). Th. Blok ontvang 'n spesiale nommer van „Die Skoolblad" (Mei) vir sy groot verdienste op onderwysgebied! Die „voorgeskrewe boek," as doel van die leerplan, word tans druk bespreek, o.a. in „Die Unie" (April: Uys en Von Weber), in „Ons Kleintjie" (Mei, V. E. Viljoen). A. K. Bot skryf in „Paed. Studiën" (April) 'n mooi artikel oor die Transvaalse komprehensiewe hoërskool, en J. C. Markotter in „Inspan" (April) oor onderwystoestande in Tanganjika en Kenia. W. J. v.d. Merwe bespreek in „Op die Horison" (Maart) die belangrike vraag na die behoud van die sendingskole.

Taalkennis van die matrikulante en spraakleer word deur die redaksie van „Die Huisgenoot" onder ons aandag gebring (11 en 18 Mei resp.). Besonder waardevol is die openingsrede deur die voorsitter van die T.O., A. J. Koen, oor die rol van die Afrikaneronderwyser in die vrywording van die Afrikaner. J. J. du Toit skryf in „Ons Kleintjie" (Mei) oor die huisgesin en die opvoeding, waaroor J. G. Meiring dit ook het in dieselfde blad en nommer. In „Ons Eie Boek" (No. 1, 1951), is daar twee goeie artikels: F. Smuts oor „Waarom Latyn?" en Taalman oor stiefmoedertaalonderwys. Ten slotte, die baie waardevolle studie in „Calvin Forum" (Maart en April) oor onderwysontwikkelings in Nederland deur C. Jaarsma.

**KUNS, WETENSKAP EN MAATSKAPPY.** Besinning oor die aanstaandee Van Riebeeckfees word gevra deur S. du Toit in „Die Kerkblad" (4 April) en deur die redaksie in „Die Kerkbode" (15 Mei). P. J. Coetzee het dit in „Die Kerkblad" (20 April) oor die Jeug vir Christus en S. P. v.d. Walt oor „die eeu van die verwaarloosde kind" (18 Mei). J. Postma bespreek pragtig die verhouding tussen diakonie en owerheid in „Die Kerkblad" (18 Mei) en L. N. Botha in „Die Kerkbode" (4 en 11 April) ons kerklike armesorg. „Die Brandwag" (red 13 April en 11 Mei resp.) bespreek die Afrikaanse boek en die staatsbiblioteke. In „Die Huisgenoot" (13 en 20 April) skryf S. P. E. Boshoff gesaghebbend oor „tegniese taal," en H. J. Terblanche in „Die Brandwag" (6 April, 18 Mei) oor ons belangstelling in taalkunde. J. Dreyer skryf in „Die Hervormer" (Mei) oor die evangelisering van die nie-blanke en J. Stegmann in „Op die Horison" (Maart) oor die vervanging van die heidense inisiasie deur 'n Christelike. In „Die Huisgenoot" (27 April) wys P. de V. Pienaar daarop dat ons besig is om kulturele selfmoord te pleeg en in „Bezinning" (Maart) beskou G. B. Wurth die film as kultureel-etiese probleem. In „Calvin Forum" (Maart) is daar twee mooi bydraes: C. de Boer oor „America as world leader" en E. Wolthuis oor „Authority in Science."

J. CHR. COETZEE.